

Al wat tel, is hoe koeie teel

Hulle steur hul nie aan “fênsie points” nie. Hul beeste moet net die soort diere wees waarmee ’n kommersiële boer op die veld wins kan maak, sê mnr. Chris Nel, eienaar van die Eversar-Sussex-stoetery digby Petrus Steyn in die Noordoos-Vrystaat.

Hy en sy seun, dr. Chris Nel, wat ook as veearts by Harrismith werk, bedryf saam dié stoetery en die Eversar-Dormerstoetery. Die gesin se ander seun, Evert, is ook deel van van die familieboerdery op die plaas, George.

Eversar het vanjaar die vierde keer Elite-koeie van die ras in die Stamboek-kompetisie opgelewer. Die vorige drie was in 1986, 2005 en 2006.

“Vrugbaarheid is vir ons onderhandelbaar,” sê Nel sr. Koeie én verse wat oorslaan, word uitgeskot.

Die resultaat is ’n indrukwekkende dragtigheid- en kalferpersentasie van 98 in die 44 jaar oue stoetery van 130 koeie en dragtige verse.

Pelvismetings is die ander deurslaggewende aanwyser in hul seleksieproses. Nel sr. was in die 1990’s een van die eerste telers in die land wat dié metings begin gebruik het. Vandag raak dit ’n algemene gebruik omdat dit so ’n hoogs oorerflike eienskap is.

Verse word op 20 tot 22 maande by die bul gesit. Koeie kalf in die winter. Hulle kry ’n hoëproteïen-produksie in die winter en onderhoudslek deur die somer.



Mnr. Chris Nel en sy vrou, Siekie.

By bulle wat die Nels koop, speel die teelwaardes vir groei, lae geboortegewig en melk ’n deurslaggewende rol. **LBW**

Al die bulkalwers deurloop Stamboek se fase D-toets op die veld nadat hulle gespeen is, waarna die nuwe bulle daarvolgens geselekteer word.

Sussex	
Geboortedatum	19/07/2003
Aantal kalwers	8
Geïnspekteer	6
Gem. speenindeks	101
Tussenkalfperiode (TKP)	390
Reproduksie-indeks (RI)	106

FOTO'S: MARLEEN SMITH

Eversar en Sussex en Dormers

23ste Eversar-Sussex- en -Dormer-PRODUKSIEVEILING

Dinsdag, 9 September 2014, op Petrus Steyn.

AANBOD:

- 30 geregistreerde Sussexbulle (topgehalte-bulle met lae geboortegewig en hoë groei- en melksyfers);
- 20 dragtige, geregistreerde Sussexkoeie (alle dragtige 2007-koeie word aangebied - geen uitsonderings).

OOK:

- 35 geregistreerde Dormerramme (topgehalte-ramme met hoë groeisyfer);
- 60 dragtige, kommersiële Dormerooie (ooie as dragtig gesertifiseer).



Skakel Chris Nel (sr.), 078 245 4442 of Chris Nel (jr.), 083 654 9638.